WSP Environmental (Edms.) Bpk. (WSP) is aangestel as die onafhanklike Omgewingsevalueringspraktisyn (OEP) om die proses te bestuur. Hierdie proses sluit raadpleging met partye in wat deur die Projek geaffekteer kan word of 'n belang daarby het. Hierdie partye word belanghebbendes genoem.

Die doel van hierdie dokument is om:

- agtergrondinligting betreffende die Projek te verskaf;
- 'n beskrywing te bied van die proses wat gevolg word;
- belanghebbendes in te lig aangaande hul regte en verantwoordelikhede betreffende deelname aan sekere aspekte van die proses;
- belanghebbendes te help om vas te stel of hulle in die Projek belangstel en/of daardeur geraak word; en
- belanghebbendes te help om kommentaar op

so wyse te formuleer dat dit sal verseker dat dit die nodige aandag in sekere aspekte van die proses sal ontvang.

Ten einde as 'n belanghebbende op die Projek se databasis te registreer, moet u asseblief die aangehegte vorm invul en dit terugstuur aan die tersaaklike WSP verteenwoordiger.

## Agtergrondinligting

### Ligging:

Die Projek sal langs die R555, noord van Middelburg geleë wees op die Restant en Gedeelte 1 van die plaas Rietvlei 397, Mpumalanga.

Die Projekterrein is in die regsgebied van die Steve Tshwete Plaaslike Munisipaliteit, wat deel vorm van die Nkangala Distriksmunisipaliteit. Die ligging van die Projekterrein word in **Figuur 1** weergegee.

### Bestaande Grondgebruik:

Die huidige grondgebruik van die Projekterrein is landbou en bosbou.

### Omliggende Grondgebruike:

Die grondgebruike van die gebiede omliggend tot die Projekterrein is landbou en mynbou.

## Wat Behels die Voorgestelde Projek?

RCC stel die oprigting van 'n groenterrein oopgroefsteenkoolmyn voor. RCC doen aan die hand dat twee lae van die Ekkagroep van die Karoo Supergroep, wat saamgaan met die Witbank Steenkoolveld, gemyn word. Die volgorde sluit in die 2A (2 Boonste en 2 Onderste) en 1 (1 Onderste) Steenkoollae, met die 1-laag en die 2-laag wat die vernaamste steenkoollae in die gebied is.

Oopgroefmetodes, insluitend konvensionele vragmotor-en-graaftegnieke, word voorgestel. Hoewel die mynwerkprogram nog gefinaliseer moet word, is dit waarskynlik dat mynbou vanaf die noorde van die terrein na die suide sal geskied, met 'n verwagte produksie van tussen 1.8 miljoen ton per jaar (mtpj) en 2.5 mtpj vir die onveredelde steenkool. Die steenkool sal veredeling ondergaan

alvorens dit per pad na die Agri Pan-sylyn, sowat 10 km suid van die Projek, vervoer sal word.

Die steenkool sal na 'n spesifieke grootte vergruis word voordat dit 'n digtemediomskeidingsaanleg (DMS-aanleg) binnegaan, wat van digtemediomsikloon- en spiraalverwerking gebruik maak om produksteenkool te produseer. Uitskot sal deur 'n filtreerpers gevoer word ten einde soveel proseswater moontlik te behou alvorens die droë uitskot in die groef gegooi en met 'n deklaag teruggevuul sal word. Die produk sal op die terrein gestoor word alvorens dit van die terrein af vervoer word vir gebruik by Eskom se kragstasies. Na verwagting sal die Projek 'n lewensduur van sowat 20 jaar sal hê.

Infrastruktuur wat as deel van die Projek geïnstalleer en opgerig moet word, sluit in kragvoorsiening, watervoorsiening, padinfrastruktuur (insluitend die Pan-sylyn pad afleiding), kantore en gepaardgaande geboue (insluitend 'n kliniek), pakhuse en werkswinkels (insluitend wasgeriewe vir voertuie), besoedelingsbeheerdamme, stormwaterdamme, riool- en waterbehandelingsaanlegte en 'n afvalberging- en sorteringswerf.

## Behoeftes en Regverdiging van die Voorgestelde Projek

Die Projek is as 'n bemagtigingsprojek geïdentifiseer.

Die steenkool sal aan Eskom verkoop word en sal sodoende bydra tot die betroubare verskaffing van elektrisiteit, wat noodsaaklik is vir kragsekuriteit, nywerheidsontwikkeling en ander inisiatiewe met betrekking tot die verligting van armoede in die land.

Die mynboubedrywigheid sal inkomste vir die omliggende gebied genereer en ook sorg vir 'n kontantinspuiting in die provinsiale ekonomie.

As deel van die aansoek om mynreg moet 'n Maatskaplike en Arbeidsplan (MAP) opgestel word. Die implementering van die MAP sal plaaslike gemeenskapsopheffing moontlik maak, asook die oprigting van klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's) as 'n bron van inkomstegenerering in die gemeenskap.

Na raming sal vyf indirekte werkseleenthede geskep word deur elke een werkseleentheid wat deur direkte indiensneming geskep word. Die implementering van die MAP sal lei tot die bemagtiging van beide die werksmag (deur die MAP se Menslike Hulpbronontwikkelingsprogram) en die plaaslike gemeenskap (deur die MAP se Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingsprogram).

## Hoof/Bevoegde Owerhede

Mpumalanga se Departement van Ekonomiese Ontwikkeling, Omgewingsake en Toerisme (MDEDET) is die afgevaardigde bevoegde owerheid vir die NEMA-aansoek, terwyl die Departement van Omgewingsake (DO) die bevoegde owerheid is vir die NEM:WA-aansoek weens die insluiting van aktiwiteite met gevaarlike afvalstowwe.

Die Departement van Waterwese (DW) is die hoofowerheid vir die magtiging van 'n WUL en die Departement van Minerale Hulpbronne (DMH) is die hoofowerheid vir die aansoek om mynreg.

## Omgewingsmagtiging

OM ingevolge Artikel 24(2) en 24D van die NEMA word vereis vir die volgende gelyste aktiwiteite:

### Staatskennisgewing R544 (18 Junie 2010) (wat 'n Basiese Evalueringsproses vereis):

#### Aktiwiteit 9:

Die oprigting van aanlegte of infrastruktuur langer as 1 000 m vir die grootmaatvervoer van water, riool of stormwater (i) met 'n interne deursnee van minstens 0.36 m of groter; of (ii) met 'n piek deurvoer van minstens 120 l/s.

#### Aktiwiteit 11:

Die konstruksie van kanale, slote, damme, studamme, grootmaat stormwater uitlaatstrukture, geboue groter as 50 m<sup>2</sup> of strukture groter as 50 m<sup>2</sup> – waar sodanige konstruksie binne 32 m vanaf 'n waterloop plaasvind.

#### Aktiwiteit 12:

Die oprigting van aanlegte of infrastruktuur vir die buitestroom berging van water, insluitend damme en reservoirs, met 'n gesamentlike kapasiteit van minstens 50 000 m<sup>3</sup>, tensy sodanige berging in die bestek van Aktiwiteit 19 van Kennisgewing R545 val.

#### Aktiwiteit 13:

Die oprigting van aanlegte of infrastruktuur vir die berging, of vir die berging en hantering, van 'n gevaarlike stof, waar sodanige berging plaasvind in houers met 'n gesamentlike kapasiteit van 80 m<sup>3</sup>, maar hoogstens 500 m<sup>3</sup>.

#### Aktiwiteit 22:

Die konstruksie van 'n pad, buite stadsgebiede, (i) met 'n padreserwe wyer as 13,5 m; of (ii) waar geen padreserwe bestaan waar die pad wyer as 8 m is nie.

#### *Aktiwiteit 23:*

Die transformasie van onontwikkelde grond vir nywerheidsgebruik buite 'n stadsgebied – waar die totale oppervlak wat getransformeer gaan word groter as 5 ha maar kleiner as 20 ha is.

#### *Aktiwiteit 26:*

Enige proses of aktiwiteit wat ingevolge Artikel 53(1) van die NEM:BA geïdentifiseer is.

#### *Aktiwiteit 47:*

Die verbreding van 'n pad met meer as 6 m of die verlenging van 'n pad met meer as 1 km (i) waar die bestaande reserwe wyer as 13,5 m is; of (ii) waar geen reserwe bestaan nie, waar die bestaande pad wyer as 8 m is.

#### *Aktiwiteit 55A (soos gewysig in Staatskennisgewing R922 van 29 November 2013):*

Die oprigting van aanlegte vir die behandeling van afloopwater, afvalwater of riool met 'n daaglikse deurvoervermoë van meer as 2 000 m<sup>3</sup> maar minder as 15 000 m<sup>3</sup>.

### **Staatskennisgewing R545 (18 Junie 2010) (wat 'n B&OIV-proses vereis):**

#### *Aktiwiteit 3:*

Die oprigting van aanlegte of infrastruktuur vir die berging, of vir die berging en hantering, van 'n gevaarlike stof, waar sodanige berging plaasvind in houers met 'n gesamentlike kapasiteit meer as 500 m<sup>3</sup>.

#### *Aktiwiteit 5:*

Die oprigting van aanlegte of infrastruktuur vir enige proses of aktiwiteit wat 'n permit of lisensie ingevolge nasionale of provinsiale wetgewing vereis wat die generering of vrystelling van emissies, besoedeling of uitvloeielsel beheer.

#### *Aktiwiteit 15:*

Die fisiese verandering van onontwikkelde grond vir nywerheidsgebruik waar die totale oppervlak wat getransformeer gaan word groter as 20 ha is.

#### *Aktiwiteit 19:*

Die konstruksie van 'n dam waar die hoogste gedeelte van die damwal minstens 5 m is, of waar die hoogwatermerk van die dam 'n oppervlak van minstens 10 ha beslaan.

#### *Aktiwiteit 20:*

Enige aktiwiteit wat 'n mynreg vereis soos beoog in Artikel 22 van die MPRDA.

#### *Aktiwiteit 27 (soos gewysig in Staatskennisgewing R923 van 29 November 2013):*

Die oprigting van aanlegte vir die behandeling van afloopwater, afvalwater of riool met 'n daaglikse deurvoervermoë van minstens 15 000 m<sup>3</sup>.

### **Staatskennisgewing R546 (18 Junie 2010):**

#### *Aktiwiteit 2:*

Die konstruksie van reservoires vir grootmaat watervoorsiening met 'n kapasiteit van meer as 250 m<sup>3</sup>.

#### *Aktiwiteit 4:*

Die konstruksie van 'n pad wyer as 4 m met 'n padreserwe van minder as 13,5 m.

#### *Aktiwiteit 12:*

Die ontbossing van 'n gebied van minstens 300 m<sup>2</sup> waar 75% of meer van die plantbedekking uit inheemse plantegroei bestaan.

#### *Aktiwiteit 16:*

Die oprigting van geboue met 'n voetspoor groter as 10 m<sup>2</sup> in omvang; of infrastruktuur wat minstens 10 m<sup>2</sup> beslaan.

## **Afvalbestuurlisensie**

'n ABL word ingevolge Artikel 20(b) van die NEM:WA benodig ten opsigte van die volgende aktiwiteite soos geïdentifiseer in Staatskennisgewing R921 (29 November 2013), vir die behandeling en verwydering van rioolslyk, waarvoor 'n OM vereis word soos uiteengesit in Artikel 24(5) van NEMA:

### **Kategorie A (wat 'n Basiese Evalueringsproses vereis):**

#### *Aktiwiteit 7:*

Die behandeling van gevaarlike afval aan die hand van enige vorm van behandeling by 'n fasiliteit wat oor die vermoë beskik om meer as 500 kg maar minder as 1 ton/dag te verwerk, die behandeling van afloopwater, afvalwater of riool uitgesluit.

#### *Aktiwiteit 10:*

Die verwydering van algemene afval na grond wat 'n oppervlak van meer as 50 m<sup>2</sup>, maar minder as 200 m<sup>2</sup> beslaan, met 'n totale kapasiteit van hoogstens 25 000 t.

## **Watergebruiklisensie**

'n WUL word ingevolge Artikel 41 van die NWW vereis met betrekking tot die volgende watergebruike soos gelys in Artikel 21 van die NWW:

*Artikel 21(a):*

Die onttrekking van water uit 'n waterbron.

*Artikel 21(b):*

Die berging van water.

*Artikel 21(c):*

Die belemmering of omleiding van die vloei van water in 'n waterloop.

*Artikel 21(e):*

Betrokkenheid in 'n beheerde aktiwiteit wat as sulks geïdentifiseer word in Artikel 37(1) of verklaar is ingevolge Artikel 38(1).

*Artikel 21(f):*

Die afvoer van afval of water, wat afval bevat, na 'n waterbron deur 'n pyp, kanaal, riool, see-uitloop of ander leipyp.

*Artikel 21(g):*

Die wegdoening van water op 'n wyse wat 'n nadelige impak op 'n waterbron kan hê.

*Artikel 21(i):*

Die verandering van die bodem, oewer, loop of eienskappe van 'n waterloop.

*Artikel 21(j):*

Die verwydering, afvoer of wegdoening van water wat ondergronds aangetref word indien dit nodig is vir die doeltreffende voortsetting van 'n aktiwiteit of vir die veiligheid van mense.

## Aansoek om Mynreg

'n Aansoek om mynreg word ingevolge Artikel 22 van die MPRDA vereis. Luidens Artikel 5 van die MPRDA mag geen persoon enige gebied myn sonder 'n mynreg of 'n goedgekeurde omgewingsbestuursprogramverslag (OBP-verslag) nie.

## Wat is die Bestekopname- en Omgewingsimpakverslagdoening (B&OIV) en Waarom is dit Belangrik?

'n B&OIV is 'n evaluering van die impakte – positief of negatief – wat 'n voorgestelde ontwikkeling op die omgewing kan hê. Die 'omgewing' bestaan uit die biofisiese, maatskaplike en ekonomiese aspekte.

Die evaluering lig enige probleme uit en voorspel dit voordat groot besluite geneem word. Dit help die Projekvoorsteller ook om maniere te vind om

probleme te vermy en om te bou op positiewe aspekte.

Die konsep van volhoubare ontwikkeling dien as die basis vir sodanige evaluering. Met ander woorde, ontwikkeling moet plaasvind, maar dit is hoe ons die impakte op die omgewing as geheel bestuur wat sal bepaal of sodanige projek positiewe verandering sal meebring.

Die aard van die Projek sal 'n ten volle geïntegreerde B&OIV-proses vereis wat alle aspekte van elk van die onderskeie magtigings wat verlang word, sal vervat.

## Die Geïntegreerde B&OIV-proses

Die geïntegreerde B&OIV-proses wat geïmplementeer word, kan soos volg opgesom word (sien ook asseblief **Figuur 3** vir 'n diagrammatiese voorstelling van die prosesse wat gevolg gaan word):

### Fase 1: Bestekopname


Die doel van die Bestekopnameproses is om besluitnemingsowerhede van voldoende inligting te voorsien om hulle in staat te stel om 'n besluit te neem oor die bestek van die vraagstukke wat in die Omgewingsimpakverslagdoening (OIV-fase) aangespreek moet word.

Die oogmerke van die Bestekopnameproses is om:

- 'n breë reeks belanghebbendes te identifiseer en oor die voorgestelde ontwikkeling in te lig;
- die bestek en aard van die voorgestelde aktiwiteite en die alternatiewe te verduidelik;
- 'n oop en deursigtige raadplegingsproses te voer en die insluiting van belanghebbendes se knelpunte in die besluitnemingsproses te vergemaklik; en
- belangrike vraagstukke wat in die OIV-fase aangespreek moet word, te identifiseer en om die benadering uiteen te sit om hierdie vraagstukke die hoof te bied.

### Fase 2: Omgewingsimpakverslagdoening

Die doel van die OIV-fase van die evaluering is om die vraagstukke wat in die Bestekopnamefase geopper is, aan te spreek. Spesialisstudies sal onderneem word om impakte te identifiseer en om die omvang van impakte te bepaal, asook om, indien nodig, versagtingsmaatreëls te formuleer om negatiewe impakte te verminder/vermy en om positiewe voordele van die Projek te maksimaliseer.



Figuur 3: Geïntegreerde B&OIV-proses

## Openbare Deelnameproses

Die openbare deelnameproses (ODP) is 'n integrale deel van die B&OIV en word regdeur hierdie proses voortgesit. Hierdie gedeelte bied meer besonderhede oor die ODP.

### Stap 1: Verwittig die Owerheid van die B&OIV-proses

- Dien 'n aansoek om B&OIV by die afgevaardigde hoofowerhede in.

### Stap 2: Verwittig Belanghebbendes en Identifiseer Vraagstukke

- Verwittig belanghebbendes van die projekvoorstel
- Identifiseer enige vraagstukke/knelpunte van belanghebbendes
- Voorsien belanghebbendes van 'n agtergrondinligtingsdokument (AID) oor die Projek, insluitend 'n liggingkaart en 'n registrasie-/vraagstukvorm. Daar word van belanghebbendes verlang om te registreer en om hul belang by die Projek te verklaar ten einde verdere projekinligting te ontvang.
- Persoonlike vergaderings sal met geregistreerde belanghebbendes gehou word, soos versoek.

### Stap 3: Openbare Besigtiging van Konsep Bestekopnameverslag

- Vraagstukke en knelpunte wat deur geregistreerde belanghebbendes geopper is, word in 'n Kommentaar-en-Antwoordverslag vervat vir insluiting in die Konsep Bestekopnameverslag.
- Die verslag word vir 'n 60-dae kommentaartydperk (Februarie/Maart 2014) vrygestel.
- Hierdie verslag sal ook die Plan van Studie vir die OIV insluit.
- Alle geregistreerde belanghebbendes op die Projek se databasis word skriftelik in kennis gestel van die geleentheid om kommentaar te lewer.
- 'n Openbare vergadering word tydens die oorsigtydperk gehou waarheen alle belanghebbendes genooi word.
- Afskrifte van die verslag sal by openbare plekke en op WSP se webwerf beskikbaar gestel word.

### Stap 4: Finale Bestekopnameverslag

- Kommentaar wat tydens die oorsigtydperk van geregistreerde belanghebbendes ontvang is, word oorweeg in die opstel van die Finale Bestekopnameverslag alvorens dit aan alle

tersaaklike owerhede vir hul oorsig en goedkeuring voorgelê word.

- Die Finale Bestekopnameverslag sal vir 'n 30-dae openbare oorsigtydperk (wat saamval met die oorsigtydperk vir owerhede) vrygestel word.
- Alle belanghebbendes op die Projek se databasis sal skriftelik van die owerhede se besluite oor die Bestekopnameverslag in kennis gestel word.
- Die Finale Bestekopnameverslag sal die Plan van Studie vir die OIV en Perke van Ondersoek vir spesialisstudies wat as deel van die OIV/OBP onderneem moet word, insluit.

#### Stap 5: Konsep OIV/OBP vir Openbare Oorsig

- Die opstel en vrystelling van 'n gekombineerde Konsep OIV/OBP vir 'n 60-dae oorsigtydperk deur belanghebbendes (Aug/Sept 2014).
- Alle kommentaar wat deur vergaderings met belanghebbendes of deur skriftelike korrespondensie van belanghebbendes ontvang is, word in 'n Kommentaar-en-Antwoordverslag vervat.
- Die Kommentaar-en-Antwoordverslag sal die aard van die kommentaar, wanneer en deur wie die kommentaar geopper is, asook hoe die kommentaar wat ontvang is oorweeg is, in die Finale OIV/OBP aandui.

#### Stap 6: Finale OIV/OBP

- Die Finale OIV/OBP, insluitend die Kommentaar-en-Antwoordverslag, sal opgestel word vir indiening by die bevoegde owerhede vir besluitneming.
- Die Finale OIV/OBP sal vir 'n 30-dae openbare oorsigtydperk (wat saamval met die oorsigtydperk vir owerhede) vrygestel word.

#### Stap 7: Openbare Kennisgewing van Omgewingsmagtiging en Appèltydperk

- Alle geregistreerde belanghebbendes op die Projek se databasis sal skriftelik in kennis gestel word betreffende die omgewingsmagtigings vir die Projek en die appèltydperk, asook hoe om appèl aan te teken.
- Die omgewingsmagtigings en die appèltydperk sal ook in plaaslike koerante geadverteer word.

### Waarom is U Deelname Belangrik?

Deelname is in almal se beste belang, aangesien:

- dit B&GP's en die owerhede die geleentheid bied om duidelike, akkurate en verstaanbare inligting oor die Projek te bekom;
- dit lede van die publiek die geleentheid bied om kommentaar te lewer (beide positief en negatief) betreffende die omgewingsimpakte van die Projek;
- dit geaffekteerde partye die geleentheid bied om maniere voor te stel waarop enige

negatiewe impakte van die Projek versag of voordele versterk kan word;

- dit die Projekvoorsteller in staat sal stel om die behoeftes, voorkeure en waardes van belanghebbendes in hul besluite te inkorporeer; en
- dit bydra om 'n gesonde, lewenskragtige demokrasie te handhaaf.

### Hoe kan U Betrokke Raak?

- Deur te reageer (telefonies, per faks of per e-pos) op ons uitnodiging vir u betrokkenheid wat in plaaslike koerante geadverteer is.
- Deur die aangehegte kommentaarvorm aan WSP te pos, te faks of te e-pos.
- Deur die vergaderings by te woon wat gedurende die verloop van die Projek gehou sal word. Indien u as 'n belanghebbende registreer, sal u uitgenooi word om hierdie vergaderings by te woon. Die datum vir vergaderings sal ook in plaaslike koerante geadverteer word.
- Deur telefonies met WSP in verbinding te tree indien u 'n navraag of kommentaar het of verdere projekinligting verlang.
- Deur die konsep Bestekopname, OIE en OBP te besigtig tydens die tersaaklike oorsigtydperke en u kommentaar aan WSP te stuur.

#### Doel van die Openbare Deelnameproses

- Verwittig B&GP's en Geregistreerde Belanghebbendes van die Voorgestelde Projek
- Identifiseer Vraagstukke, Kommentaar en Knel-punte wat deur Geregistreerde Belanghebbendes geopper is
- Bevorder deursigtigheid en 'n Begrip van die Voorgestelde Projek en die Gevolge daarvan
- Bied 'n Struktuur vir Skakeling en Kommunikasie met Geregistreerde Belanghebbendes
- Help om Potensiële Omgewingsimpakte te Identifiseer





### Die Rolle en Verantwoordelikhede van Belanghebbendes:

Belanghebbendes het die reg om die aandag van die bevoegde owerheid te vestig op enige vraagstukke wat hulle glo van belang kan wees vir die oorweging van die aansoek. Die regte van belanghebbendes word deur sekere verpligtinge gekwalifiseer, naamlik:


- Belanghebbendes moet toesien dat hul kommentaar binne die tydsraamwerke wat deur die bevoegde owerheid goedgekeur is, of binne enige verlenging van 'n tydsraamwerk waar oor deur die applikant of OEP ooreengekom is, ingedien word.
- 'n Afskrif van kommentaar wat direk by die bevoegde owerheid ingedien is, moet op die applikant of OEP bedien word.
- Enige regstreekse sake, finansiële, persoonlike of ander belang wat hulle mag hê in die toestaan of weiering van die aansoek, moet openbaargemaak word.


### Die rolle van belanghebbendes in 'n openbare deelnameproses sluit gewoonlik een of meer van die volgende in:

- Help met die identifisering en prioritisering van vraagstukke wat ondersoek moet word.
- Maak voorstelle oor alternatiewe en maniere om negatiewe impakte te voorkom, te minimaliseer en te bestuur en om projekvoordele te versterk.
- Help met of lewer kommentaar oor die ontwikkeling van onderling aanvaarbare kriteria vir die evaluering van besluitnemingsopsies.
- Dra inligting by oor behoeftes, waardes en verwagtinge van die publiek.
- Dra plaaslike en tradisionele kennis by.
- Verifieer dat hul vraagstukke oorweeg is.

### Vir doeltreffende deelname, moet belanghebbendes:

- So vroeg moontlik by die proses betrokke raak.
- As 'n belanghebbende registreer.
- Die OEP verwittig van enige belanghebbende wat geraadpleeg behoort te word.
- Bydra tot die ontwerp van die openbare deelnameproses (insluitend tydsraamwerke) om te verseker dat dit vir alle belanghebbendes aanvaarbaar is.
- Die proses volg wanneer dit aanvaar is.
- Die materiaal wat voorsien word, lees en aktief poog om die betrokke vraagstukke te verstaan.
- Tydige antwoorde op korrespondensie lewer.
- Ander belanghebbendes met respek en hofflikheid behandel.
- Hul weerhou van subjektiewe, ongegronde of swak-ingeligte stellings.
- Herken dat die proses beperk is tot die vraagstukke wat direk met die aansoek verband hou.
- Help met inligting wat sal bydra tot 'n deeglike studie.





Figuur 1: Liggingkaart

# Registration and Comments Sheet

**THE PROPOSED RIETVLEI OPENCAST COAL MINE, MPUMALANGA**  
(MDEDET Reference: 17/2/3N-341 DEA Reference: 12/9/11/L1416/6)

To be a registered stakeholder and ensure all comments and queries regarding this project are accurately documented and addressed please forward your comments and contact details with the attached response sheet to:

**Ashlea Strong**  
**WSP Environmental (Pty) Ltd**  
Address: P.O. Box 98867, Sloane Park, 2152  
Tel: 011 361 1392 Fax: 011 361 1381  
Email: Ashlea.Strong@WSPGroup.co.za

*Please insert your personal details below:*

<b>Name:</b>				
<b>Organisation &amp; Designation:</b>				
<b>Address:</b>				
<b>Tel:</b>				
<b>Fax:</b>				
<b>E-mail:</b>				
<b>I would like my notifications by: (please tick the appropriate box)</b>	Letter (mail)	E-mail	Fax	Telephone

*In terms of GNR 543 (EIA process regulations) please disclose below any direct business, financial, personal or other interest that you may have in the granting or rejection of the application for environmental authorisation:*

.....  
.....  
.....

*Please list your interest in the project and comments below:*

.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....

\_\_\_\_\_  
Signature

\_\_\_\_\_  
Date



# Registrasie- en Kommentaarvorm

**DIE VOORGESTELDE RIETVLEI OOPGROEFSTEENKOOLMYN, MPUMALANGA**  
(MDEDET Verwysing: 17/2/3N-341 DO Verwysing: 12/9/11/L1416/6)

Ten einde 'n geregistreerde belanghebbende te wees en om te verseker dat alle kommentaar en navrae met betrekking tot hierdie projek akkuraat aangeteken en aangespreek word, stuur asseblief u kommentaar en kontakbesonderhede met die gepaardgaande antwoordblad aan:

**Ashlea Strong**  
**WSP Environmental (Edms.) Bpk.**  
Adres: Posbus 98867, Sloane Park, 2152  
Tel: 011 361 1392 Faks: 011 361 1381  
E-pos: Ashlea.Strong@WSPGroup.co.za

*Vul asseblief u persoonlike besonderhede hieronder in:*

Naam:				
Organisasie & Posbenaming:				
Adres:				
Tel:				
Faks:				
E-pos:				
Ek verkies my kennisgewings per: (merk asb. die toepaslike blokkie)	Brief (pos)	E-pos	Faks	Telefoon

*Ingevolge Staatskennisgewing R543 (Regulasies op OIE-proses), verstrek asseblief enige regstreekse sake, finansiële, persoonlike of ander belang wat u mag hê in die toestaan of weiering van die aansoek om omgewingsmagtiging hieronder:*

.....  
.....  
.....

*Verstrek asseblief u belang by die projek en u kommentaar hieronder:*

.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....

Handtekening

Datum